

# Bestaan daar 'n dissiplinekrisis binne Suid-Afrikaanse skole? Belewens van opvoeders

*Does a discipline crisis exist in South African schools? Experience of educators*

## C.C. WOLHUTER

Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit  
Potchefstroomkampus, Privaatsak X6001,  
Potchefstroom, 2520  
E-pos: Charl.Wolhuter@nwu.ac.za



Charl Wolhuter



Johann van Staden

## J.G. VAN STADEN

Skool vir Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat,  
Bloemfonteinkampus, Bloemfontein, 9300  
E-pos: vstadjg.HUM@ufs.ac.za

<p><b>CHARL WOLHUTER</b> het studeer aan die Randse Afrikaanse Universiteit, die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch. Hy het sy doktoraat aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland. Tans is hy professor in Vergelykende Opvoedkunde aan die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-Universiteit. Hy is die skrywer van vele publikasies in Historiese en Vergelykende Opvoedkunde.</p>	<p><b>CHARL WOLHUTER</b> was educated at the Rand Afrikaans University, the University of Pretoria and the University of Stellenbosch. He was awarded a doctorate in Comparative Education at the University of Stellenbosch. He is a former junior lecturer of History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria and a former senior lecturer in History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. At present he is Comparative Education professor at the Potchefstroom Campus of North-West University. He has published widely on the History of Education and Comparative Education.</p>
<p><b>PROF J G (JOHANN) VAN STADEN</b> is na 'n onderwysloopbaan van 16 jaar in 1986 as dosent aan die UV aangestel. Hy spesialiseer in die Onderwysreg en dien ook in verskeie vakverenigings en organisasies. Hy was onder meer vir 'n hele aantal jare uitvoerende bestuurslid van die Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika (OVSA) en in 2003 is hy verkies as Voorsitter van dié Vereniging. Hy is tans ook 'n lid van die Uitvoerende Bestuur van die Sentrum vir Onderwysreg en -Beleid (SORB). Hy was studieleier vir verskeie Meesters- en Doktorsgraadstudente. Prof Van Staden het artikels in vaktydskrifte en populêre tydskrifte oor 'n groot aantal onderwerpe gepubliseer en ook verskeie referate by nasionale en internasionale kongresse oor onderwysregangeleenthede gelewer. Tans beklee hy die posisie van Programdirekteur vir Nagraadse programme in die Opvoedkunde Wetenskappe aan die Vrystaatse Universiteit.</p>	<p><b>PROF J G (JOHANN) VAN STADEN</b> was appointed as a lecturer at the University of the Free State in 1986, following a teaching career spanning 16 years. He specialises in Education Law and is a member of a variety of professional organizations. After having served on the Executive Committee of the Education Association of South Africa (EASA) for several years, Professor van Staden was elected Chairperson of the Association in 2003. Currently he is also a member of the Council of Education Law and Policy (CELP). He was the study leader of several Masters and Doctoral students. Prof Van Staden has published articles on a variety of subjects in accredited and popular journals and he presented several papers at national and international conferences on different topics in the field of education and education law. At present he holds the position of Programme Director for Post Graduate Studies in the School of Education at the University of the Free State.</p>

**ABSTRACT*****Does a discipline crisis exist in South African schools? Experience of educators***

*From recently published research it appears as if learner discipline at South African schools is a problem. While the issue of learner discipline at South African schools has been researched from a variety of perspectives (including the experiences of school principals, the experiences of learners), a clear, distilled educator perspective is lacking. Educators after all experience learner discipline problems firsthand, and are on the receiving end of learner discipline problems. The aim of this research is the construction of such an educator perspective, in order to determine whether or not a discipline crisis exist in South African schools and, if so, what are the extent and nature thereof.*

*A sample of educators at schools in the Vaal Triangle region, North-West Province and Free State Province completed a questionnaire, which surveyed the following aspects of learner discipline at their schools: state of learner discipline in their classes and in their schools, nature and frequency of discipline problems, methods used to maintain discipline and the effectiveness of those methods, and the effect of learner discipline problems on the lives of educators.*

*The biographic information of respondents indicated that the sample included the total spectrum of educators in South Africa, regarding age, experience, post-level, grades and learning areas which educators teach and school categories (historically black, historically coloured, historically Indian and historically white schools) in which educators are employed.*

*The majority of educators regarded the state of learner discipline at their schools and in their classes as either good or very good. 1.7% of respondents regarded the discipline situation in their classes as very poor, 13.6% as poor, 72.1% as good and 8.1% as very good. 5.2% of respondents regarded the discipline situation in their schools as very poor, 19.3% as poor, 67.4% as good, and 8.1% as very good.*

*The results indicated that it is the relatively minor forms of discipline problems which dominate. The following discipline problems are encountered by most teachers on a daily basis: disruptive behaviour, rudeness, dishonesty, obscene language, cheekiness, untidy/wrong clothing, neglect of duty, telling lies, and absenteeism. At the same time there exist reasons for concern about the wide spectrum of problems which educators encounter on a weekly basis (for example absenteeism, telling of lies, obscene language, moodiness, untidy/wrong clothing, neglect of duty, and bullying) and also about the serious forms of discipline problems (such as vandalism, theft and violence) which occur as regularly as monthly.*

*Turning to methods which educators use to maintain discipline, it appears as if preventive methods (which are educationally the preferred methods) are lacking. Reactive methods of maintaining discipline dominate. These methods include: reprimanding, isolation within the classroom, isolation outside the classroom, extra work, detention, referral to principal and referral to school governing body. The continual use of corporal punishment by 14% of educators – twelve years after it was officially abolished and at the risk of facing criminal charges – is cause for concern. Apparently educators do not have methods which in their experience are very effective. Many educators use methods which they themselves experience as ineffective. For example, 50% of educators who use isolation within the classroom as method, and 70% of educators who use isolation outside the classroom, regard these methods as ineffective.*

*The situation regarding learner discipline causes 85% of educators to be at times or regularly unhappy in their work, has caused sometimes or regularly tension in the family lives of 58% of educators, and has led to health problems in the case of 54% of educators. These figures are disturbing.*

*In order to address the problems outlined above, it is recommended that research be conducted on preventive and effective methods to maintain discipline and that educators are counselled accordingly.*

**KEY CONCEPTS:** classroom discipline, corporal punishment, discipline, discipline maintenance, discipline problems, education, educators, learners, positive discipline, school discipline

**TREFWOORDE:** dissipline, dissiplinehandhawing, klaskamer dissipline, leerders, lyfstraf, onderwys, opvoeders, opvoeding, Opvoedkunde, positiewe dissipline, skooldissipline.

## **OPSOMMING**

Navorsing oor die probleem van leerderdissipline aan Suid-Afrikaanse skole is al vanuit 'n verskeidenheid perspektiewe onderneem, maar 'n sterk opvoederperspektief ontbreek steeds. Die feit dat opvoeders dissiplineprobleme eerstehands ervaar en dit moet hanteer maak 'n opvoederperspektief noodsaaklik. Die doel van dié navorsing is daarom die daarstelling van sodanige opvoederperspektief op leerderdissipline in 'n spesifieke teikenarea. 'n Literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek is onderneem ten einde te bepaal hoe opvoeders in Gauteng, die Vrystaat en Noordwesprovinsie leerderdissipline by hul skole beleef. Respondente het gerapporteer dat minder ernstige dissiplineprobleme by hul skole en binne hul klasse 'n weeklikse verskynsel is, en het aangedui dat ernstige vorme van wangedrag, soos vandalisme, diefstal en geweld, maandeliks voorkom. Die metodes wat opvoeders gebruik en die effek van leerderdissipline op opvoeders word geanaliseer in die artikel en ten slotte word aanbevelings vir praktykverbetering gemaak.

## **1. PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE NAVORSING**

Uit onlangs gepubliseerde navorsing (Geyser & Wolhuter 2001:1, De Wet 2003a, De Wet 2003b, Rossouw 2003, Van Staden 2003, Mentz, Wolhuter & Steyn 2003) sowel as uit berigte in die media met opskrifte soos "Discipline cop-out" (Anon. 2002:4), "Primary school sets cops on bullies" (Padayache 2002:5) en "Leerlinge teister onnies" (Anon. 2003:1) blyk dit dat leerderdissipline 'n probleem by Suid-Afrikaanse skole is. Terwyl die dissiplinevraagstuk in skole al nagevors is vanuit die perspektiewe van skoolhoofde (Mentz *et al.* 2003) en leerders (Wolhuter & Oosthuizen 2003), ontbreek 'n toereikende wetenskaplik gefundeerde opvoederperspektief – dit wil sê opvoeders se belewenis van die intensiteit, oorsake, hantering en effek van leerderdissiplineprobleme by skole. Verskeie studies, soos De Wet (2003), Van Wyk (2001), Mabeba en Prinsloo (2000) en Rossouw (2000) rapporteer die gesamentlike bevindinge van empiriese navorsing wat sowel opvoeders as leerders betrek het, maar 'n gedistilleerde opvoederperspektief ontbreek. Die daarstelling van 'n opvoederperspektief is wenslik omdat dit opvoeders is wat die probleme eerstehands ervaar en moet hanteer. Die doel van dié navorsing is die konstruksie van 'n sodanige opvoederperspektief op leerderdissipline in skole in die teikengebied: Gauteng, die Vrystaat en Noordwesprovinsie; ten einde te bepaal of daar 'n dissiplinekrisis binne Suid-Afrikaanse skole bestaan en indien wel, wat die aard en omvang daarvan is.

## **2. LITERATUUROORSIG**

Skooldissipline het twee hoofdoelstellings, naamlik om die veiligheid van personeel en leerders te verseker en tweedens om 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir onderrig en leer. Ernstige leerderwangedrag – wat geweld en kriminele gedrag insluit – verydel genoemde doelstellings en haal dikwels die hoofberigte in die pers (Volksblad, 24-01-2006).

Mentz *et al.* (2003) het in 'n empiriese ondersoek, waarin die ervaring van 76 hoofde van Afrikaansmediumskole deur middel van vraelyste ondersoek is, bevind dat die oorgrote meerderheid van dié hoofde die dissiplinesituasie in hulle skole as gemiddeld of goed beskou, en dat 'n gevoel van moedeloosheid en défaitisme ten opsigte van dissipline nie bestaan nie. Hulle het, ooreenkomstig die grense van die ná-1994 onderwysbeleid, nuwe prosedures in werking gestel ten einde dissiplineprobleme te hanteer. Die voorkoms van dissiplineprobleme is nie groter in multikulturele skole nie, maar 'n onrusbarende bevinding was die volgehoue voorkoms van lyfstraf in skole, gesien in die lig daarvan dat lyfstraf al sedert 1996 wetlik in skole verbied is.

Wolhuter en Oosthuizen (2003) het leerders aan Afrikaansmedium primêre skole se belewenis van dissipline aan hulle skole ondersoek. Hul bevinding was dat leerders die noodsaaklikheid van dissipline besef en dat hulle mening berus op praktiese (voorvereiste vir leer) en godsdienstige gronde. Die meeste leerders meen dat die stand van dissipline by hulle skole goed is. Dié wangedrag wat wel voorkom, is van 'n minder ernstige aard (dit wil sê nie kriminele wangedrag nie). In 'n vergelykend-opvoedkundige studie oor leerderdissipline in die buiteland, het Wolhuter en Steyn (2003) bevind dat die beskikbare vakliteratuur hoofsaaklik beperk is tot die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk en Australië. In al drie dié lande is leerderdissipline 'n probleem, alhoewel dit voorkom of dit slegs geringe vorms van wangedrag is wat die toneel oorheers. Ernstige vorms van wangedrag, byvoorbeeld misdaad, kom nie voor nie.

Oosthuizen, Wolhuter en Du Toit (2003) verskaf 'n oorsig van metodes om dissipline in skole te handhaaf. Hulle verdeel dié metodes in twee kategorieë: voorkomende en reaktiewe metodes. Eersgenoemde behels onder andere veiligheidsmaatreëls by skole, estetiese oorwegings, organisatoriese reëlins en positiewe dissipline. Reaktiewe metodes sluit in 'n gedragskode, verwysings na die skoolbeheerraad, skorsing, uitsetting, detensie en kriminalisasie. Vanuit opvoedkundige oorwegings moet sover moontlik voorkeur verleen word aan voorkomende maatreëls ten einde 'n gevoel van veiligheid vir opvoeders en leerders te verseker en 'n omgewing vir effektiewe onderrig en leer daar te stel. Die besondere konteks bepaal egter in die finale instansie wat die doeltreffendste in 'n bepaalde situasie sal wees.

Samevattend kan die volgende dus gestel word:

- Volgens leerders sowel as hoofde aan Afrikaanse skole is die dissiplinesituasie by sodanige skole gemiddeld tot goed, en is die dissiplineprobleme wat wel voorkom meestal van 'n minder ernstige aard; en
- in die wetenskaplike literatuur oor dissipline aan Suid-Afrikaanse skole ontbreek 'n duidelik onderskeibare opvoederperspektief.

### 3. NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsmetode was soos volg:

'n Literatuurstudie van primêre en sekondêre bronne wat relevant is vir hierdie studie is onderneem. Voorts is 'n empiriese ondersoek onderneem om te bepaal in watter mate en op watter wyse opvoeders in die Vrystaat, Gauteng en Noordwesprovinsies die toepassing van dissipline in hul skole beleef. Dié drie provinsies is gekies omdat hulle ten opsigte van afstand binne maklike bereik van die navorsers was.

Op grond van die literatuurstudie is 'n vraelys opgestel om te bepaal watter dissiplineprobleme in skole voorkom, wat die frekwensie is van dissiplinêre probleme wat opvoeders moet aanspreek, watter metodes toegepas word om dissipline te handhaaf en wat opvoeders se persoonlike belewenis van die toepassing van dissipline is.

Die navorsingspopulasie het bestaan uit openbare skole in die Vrystaat, Gauteng en Noordwesprovinsie. Die vraelyste is versprei aan 'n steekproef van openbare sekondêre skole in drie distrikte van die Vrystaat, twee in Gauteng en twee in die Noordwesprovinsie. Van die 140 vraelyste wat versprei is, is 100 volledig terug ontvang. Dit verteenwoordig 'n respons van 71.4%, wat as geskik beskou word om geldige afleidings te maak.

Die statistiese tegnieke is gekies in oorleg met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Met behulp van die SAS- (Statistical Analysis System) rekenaarpakket (SAS Institute Inc., 1996) is individuele response en gemiddeldes van sekere kategorieë bepaal. Verbanne (effekgroottes) tussen spesifieke individuele of kategorieresponse en spesifieke biografiese en demografiese gegewens is ook met dié pakket ontleed. Ten einde die betroubaarheid van die vraelys te bepaal, is die Cronbach-alfakoëffisiënt bereken van die metodes wat opvoeders gebruik om dissipline te handhaaf. 'n Faktoranalise het drie faktore geïdentifiseer. Die Cronbach-alfa het getoon dat die betroubaarheidskoëffisiënt van die onderskeie faktore soos volg is: faktor 1: 0.80; faktor 2: 0.76, en faktor 3: 0.67. Oor die algemeen word die betroubaarheidskoëffisiënt van 0.70 as norm gestel. Faktor 3 se betroubaarheidskoëffisiënt van 0.67 is laer as 0.70. Neunally *et al.*, soos aangehaal deur Van der Walt (2007), toon egter aan dat 'n betroubaarheidskoëffisiënt van selfs so laag as 0.60 waardevolle inligting kan lewer.

## 4. BEVINDINGE

### 4.1 Biografiese besonderhede

Respondente was gemiddeld 15.2 jaar as opvoeders werksaam met 'n standaard afwyking van 8.3; dus het die steekproef die totale spektrum ingesluit vanaf opvoeders wat pas die professie betree het tot diegene wat al amper 'n hele werkende leeftyd daarin deurgebring het. Die geslagsverspreiding van die respondente was 43.1% vroulik en 56.9% manlik. Die posvlakverspreiding van die respondente was soos volg: posvlak 1: 59.7%; posvlak 2: 21.0%; posvlak 3: 2.7% en posvlak 4: 6.5%.

Van die respondente was 12.3% werksaam in die grondslagfase (grade 1 tot 3), 20.3% in die intermediêre fase (grade 4 tot 6), 23.2% in die senior fase (grade 6 tot 9) en 43.2% in die verdere onderwys- en opleidingsfase (grade 9 tot 12). Hulle het die hoofleerareas (vakke) waarby hulle betrokke is, soos volg aangedui: 33.5% by tale, geletterdheid en kommunikasie, 15.2% by wiskundige geletterdheid, 8.0% by natuurwetenskappe, 5.9% by tegnologie, 11.4% by ekonomiese en bestuurswetenskappe en 2.1% by kuns en kultuur.

Die meerderheid respondente (72.5%) is werksaam by historiese swart skole, 25.4% by historiese wit skole, 0.4% by historiese Indiërskole en 1.8% by historiese kleurlingskole.

Bovermelde geslag- en posvlakverspreiding van respondente, die kategorie skole, fase en leerarea waarbinne hulle werksaam is, asook die verspreiding van volle jare wat hulle reeds in die opvoedersprofessie deurgebring het, dui daarop dat die steekproef die totale spektrum skole en opvoeders in Suid-Afrika insluit.

### 4.2 Stand van leerderdissipline

Respondente is gevra om aan die hand van die dissiplinesituasie by hulle skole en in hulle klaskamers hul belewenis daarvan op die volgende 4-punt Likertskaal aan te toon: 1: baie swak, 2: swak, 3: goed, en 4: baie goed. Ooreenkomstig die konvensionele metode (Aldridge & Levine, 2001:112) is 'n vyfpuntskaal vermy, om respondente te ontmoedig om 'n neutrale middelpunt te kies, dit wil sê hulle is gedwing om te besluit of die dissiplinesituasie óf goed óf swak is.

Die frekwensieverdeling van die response word in tabel 1 aangedui.

**TABEL 1:** Stand van Leerderdisipline volgens Opvoeders (Persentasies Response)

Stand van leerderdisipline	Baie Swak	Swak	Goed	Baie Goed
In klas van opvoeder	1.7	13.6	72.1	12.6
In skool van opvoeder	5.2	19.3	67.4	8.1

Die response dui daarop dat die oorgrote meerderheid van opvoeders die dissiplinesituasie by hul skole en in hul klasse as goed of baie goed beleef.

### 4.3 Frekwensie van dissiplineprobleme

Respondente is gevra om aan te dui hoe dikwels hulle die voorkoms van sekere dissiplineprobleme uit 'n lys van 27 beleef. Hulle moes ten opsigte van elkeen van dié dissiplineprobleme aandui of hulle dit nooit, jaarliks (gemiddeld een keer per jaar), maandeliks (gemiddeld een keer per maand), weekliks (gemiddeld een keer per week) of daagliks beleef het. Die resultate word in tabel 2 aangedui.

**TABEL 2:** Frekwensie van Voorkoms van Dissiplineprobleme Volgens Opvoeders (Persentasies van Opvoeders wat elke Kategorie Aangedui het)

Frekwensie: Probleem:	Nooit	Jaarliks	Maandeliks	Weekliks	Daagliks
Ontwrigtende gedrag	14	8	20	21	37
Ongemanierdheid	11	11	22	29	27
Onerlikheid	5	11	30	25	29
Onweloweglike taal	5	6	18	28	43
Buierigheid	7	12	31	27	23
Parmantigheid	6	13	25	28	28
Uittartende Gedrag	10	15	27	24	24
Disrespek teenoor opvoeders	16	20	28	17	19
Onnet/verkeerde Kleredrag	4	6	22	26	42
Pligsversuim	6	5	17	31	41
Vertel van Leuens	2	9	22	28	39
Traagheid	7	9	25	31	28
Afwesigheid	2	7	21	35	35
Crimen Injuria teenoor medeleerders	31	22	21	14	11
Crimen Injuria teenoor opvoeders	52	22	13	8	5
Graffiti	27	27	24	10	12
Vandalisme	19	25	27	10	9
Diefstal	11	28	30	19	12
Afknoery	5	13	27	28	27
Geweld	29	20	25	15	11
Bende-aktiwiteit	61	19	10	5	5
Pornografie	62	28	7	1	2



**TABEL 2:** Frekwensie van Voorkoms van Dissiplineprobleme Volgens Opvoeders (Persentasies van Opvoeders wat elke Kategorie Aangedui het) (*vervolg*)

<b>Frekwensie: Probleem:</b>	<b>Nooit</b>	<b>Jaarliks</b>	<b>Maandeliks</b>	<b>Weekliks</b>	<b>Daagliks</b>
Rook	43	19	8	10	20
Alkoholgebruik binne skool	69	16	8	5	2
Dwelmmisbruik	68	16	8	4	4
Seksuele teistering van medeleerders	65	21	7	4	3
Seksuele teistering van opvoeders	92	4	2	1	1

Die resultate in tabel 2 strook met die aangehaalde navorsing van Wolhuter en Oosthuizen (2003) onder leerders in Afrikaanse primêre skole, asook met die situasie in die buiteland (Wolhuter & Steyn 2003), naamlik dat dit die relatief minder ernstige vorme van wangedrag is wat oorheers. Terselfdertyd is dit egter kommerwekkend dat 'n breë spektrum van probleme weekliks deur baie opvoeders beleef word (byvoorbeeld afwesigheid, vertel van leuens, onweloweglike taal, buierigheid, onnet/verkeerde kleredrag, pligsversuim en afknouery), tesame met die feit dat sommige ernstige vorme van wangedrag (vandalisme, diefstal en geweld) so gereeld as maandeliks voorkom.

#### 4.4 Metodes om dissipline te handhaaf en die doeltreffendheid daarvan

Respondente is gevra van watter metodes hulle gebruik maak om dissipline te handhaaf en, indien hulle wel 'n bepaalde metode gebruik, om op 'n vierpuntskaal (wat strek vanaf baie ondoeltreffend tot baie doeltreffend) aan te dui hoe doeltreffend elk van die metodes is. Die resultate verskyn in tabel 3.

**TABEL 3:** Metodes wat Opvoeders Aanwend om Dissipline te Handhaaf en Opvoeders se Belewenis van die Doeltreffendheid van die Metodes. Persentasie Response in elke Kategorie

<b>Gebruik opvoeder metode?</b>		<b>Metode</b>	<b>Baie Ondoel-treffend</b>	<b>Ondoe-treffend</b>	<b>Doel-treffend</b>	<b>Baie Doel-treffend</b>
<b>% response Ja</b>	<b>Nee</b>					
90	10	Berisping	12	21	46	21
45	55	Isolasie binne klaskamer	32	28	29	11
57	43	Isolasie buite klaskamer	40	30	24	6
41	59	Meriete-demeriete Puntestelsel	18	21	40	21
89	11	Stelsel van klaskamerreëls	5	13	48	34
78	22	Positiewe dissipline	2	10	48	40
67	33	Leerderdeelname aan opstel van gedragskode	10	19	48	23
66	34	Aanmoediging van trots onder leerders	10	16	48	26

**TABEL 3:** Metodes wat Opvoeders Aanwend om Dissipline te Handhaaf en Opvoeders se Belewenis van die Doeltreffendheid van die Metodes. Persentasie Response in elke Kategorie (*vervolg*)

Gebruik opvoeder metode?		Metode	Baie Ondoeltreffend	Ondoeltreffend	Doeltreffend	Baie Doeltreffend
% response Ja	Nee					
53	47	Aanmoediging van tradisies	13	23	46	18
70	30	Verwysing na skoolbeheerraad se dissiplinêre komitee	20	26	37	17
92	8	Gesprekvoering met ouers van leerders	6	15	39	40
68	32	Beklemtoning van waardes	4	19	47	30
54	56	Gereelde gebed deur opvoeder	10	22	38	30
92	8	Behoorlike voorbereiding deur opvoeder	1	7	33	59
86	14	Grondige kennis deur opvoeder	1	6	37	56
53	47	Beloning	6	13	48	33
55	45	Ontneming van regte	16	28	43	15
70	30	Gemeenskapsdiens	23	30	35	12
52	48	Ekstra werk	10	24	45	20
57	43	Detensie	31	27	31	11
14	86	Lyfstraf	55	15	13	17
72	28	Verwysing na hoof	9	8	47	26

Uit tabel 3 blyk dit dat die aanwending van voorkomende maatreëls (wat in die literatuuoroorsig aangedui is as die ideale metodes om dissipline te handhaaf) by vele opvoeders ontbreek. Die volgehoue voorkoms van lyfstraf, alhoewel gering (14%), kom ooreen met die navorsing van Mentz *et al.* (2003) onder skoolhoofde, en is kommerwekkend in die lig van die afskaffing daarvan in 1996 (RSA 1996: art.10) en in die lig daarvan dat opvoeders die reg minag, terwyl hulle juis as rolmodelle vir die jeug moet dien. Dit strook voorts met die moderne samelewing se traak-my-nie-agtigheid en die hoë vlak van wetteloosheid wat in die media gerapporteer word.

Baie van die metodes wat opvoeders aanwend word deur hulleself as ondoeltreffend beleef. 50% van respondente wat isolasie binne klaskamers gebruik, beskou die metode as baie ondoeltreffend of ondoeltreffend en 70% van opvoeders wat isolasie buite klaskamers gebruik, beskou die metode as baie ondoeltreffend of ondoeltreffend. Hierdie stand van sake, gelees tesame met die gereelde voorkoms van verskillende vorme van wangedrag, dui op 'n behoefte aan navorsing en voorligting om dissiplinehandhawingsmetodes in bepaalde situasies, en selfs 'n behoefte aan die ontwikkeling van nuwe, addisionele metodes van dissiplinehandhawing.

Ten slotte is respondente gevra watter effek leerderdissiplineprobleme op hulle het. Die resultate verskyn in tabel 4.



**TABEL 4:** Effek van Leerderdissipline probleme op Opvoeders  
Persentasie Response

<b>Vraag</b>			
<b>Het probleme met leerderdissipline u al ooit:</b>	<b>nooit</b>	<b>soms</b>	<b>gereeld</b>
- ongelukkig in u werk gemaak?	15	67	18
- spanning in u gesinslewe veroorsaak?	42	47	11
- gesondheidsprobleme by u veroorsaak?	45	44	10
- laat oorweeg om die professie te verlaat?	43	38	19

Die resultate wat vervat word in tabel 4 stel die data in tabelle 1-3 in perspektief. Die feit dat die situasie met leerderdissipline 85% van respondente gereeld of soms ongelukkig in hul werk maak, by 58% soms of gereeld spanning in hul gesinslewe veroorsaak, en by 54% al gesondheidsprobleme veroorsaak het, is kommerwekkend.

Die hoë persentasie respondente (92%) wat gesprekvoering met ouers van leerders beklemtoon (sien tabel 3), dui op opvoeders se belewenis dat hulle nie alleen verantwoordelikheid vir die handhawing van dissipline kan aanvaar nie, en dat hulle die samewerking van ouers in die handhawing van dissipline baie hoog ag.

Die feit dat probleme met leerderdissipline by die meeste opvoeders soms ongelukkigheid met hulle werk veroorsaak, spanning in hulle gesinslewe veroorsaak, gesondheidsprobleme veroorsaak en hulle laat oorweeg om die professie te verlaat, onderstreep weer die behoefte aan navorsing en voorligting en selfs die ontwikkeling van innoverende metodes van dissiplinehandhawing.

## 5. GEVOLGTREKKING

Die wyse waarop dissipline beleef word deur opvoeders aan skole wat aan die navorsing deelgeneem het, toon dat opvoeders dissiplineprobleme in hul klasse ervaar en dat hulle die metodes wat hulle aanwend as ondoeltreffend beleef. Die feit dat hierdie situasie daartoe kan bydra dat 'n groot persentasie opvoeders spanning en gesondheidsprobleme ervaar en dit soms oorweeg om die professie te verlaat, dui op die negatiewe impak daarvan op die professie. Die gevolge hiervan kan moontlik tot 'n toekomstige dissiplinekrisis in die onderwys lei, wat die onderwysprofessie in 'n dilemma kan dompel as dit nie dringend aangespreek word nie.

Ten einde probleme ten opsigte van dissiplinehandhawing soos beleef deur opvoeders aan te spreek, kan die volgende aanbevelings gemaak word:

- Navorsing oor en voorligting aan opvoeders rakende 'n verskeidenheid dissiplinehandhawingmetodes verg dringende aandag van kenners en betrokkenes in onderwys.
- Metodes om ouerbetrokkenheid te verhoog, ten einde 'n gevoel van samewerking te bevorder en dissiplinekrisisse in skole te ontloot, behoort deur belanghebbendes in onderwys beproef te word. Suksesverhale moet deur publikasies en werkswinkels aan die breë onderwyspubliek bekend gemaak word.
- Positiewe beriggewing in die media rakende die prestasies en suksesse wat deur opvoeders en leerders behaal word kan die beeld van die onderwysprofessie bevorder en kan opvoeders se taak (o.a. dissiplinehandhawing) bevorder.
- Positiewe en konsekwente dissiplinetoepassing en die bewusmaking by opvoeders van hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede kan daartoe bydra om opvoederontevredenheid te minimaliseer en die werkbevrediging wat die professie kan bied te verhoog.

**BIBLIOGRAFIE**

- Aldridge, A. & Levine, K. 2001. *Surveying the social world: principles and practice in surveying research*. Buckingham: Open University Press.
- Anon. 2002. Discipline cop-out. *The Citizen* 12 September 2002: 4.
- Anon. 2003. Leerlinge teister onnies. *Rapport* 6 April 2003: 11.
- De Wet, C. 2003a. Misdaad in die Suid-Afrikaanse onderwys soos weerspieël in die gedrukte media. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde* 23(2): 113-121.
- De Wet, C. 2003b. Skoolveiligheid en misdaadbekamping: die siening van 'n groep Vrystaatse leerders en opvoeders. *South African Journal of Education* 23(2): 85-93.
- Geyser, H.C. & Wolhuter, C.C. 2001. Career paths of education graduates and the implications thereof for higher education. *South African Journal of Higher Education* 15(3):93-97.
- Mabeba, M.Z & Prinsloo, E. 2000. Perceptions of discipline and ensuing disciplinary problems in secondary education. *South African Journal of Education* 20(1):34-41.
- Mentz, P.J.; Wolhuter, C.C. & Steyn, S.C. 2003. 'n Perspektief op die voorkoms van dissiplineprobleme in Afrikaanse skole. *KOERS* 68(4): 457-479.
- Oosthuizen, I.J.; Wolhuter, C.C. & Du Toit, P. 2003. Preventative or punitive disciplinary measures in South African schools: which should be favoured? *KOERS* 68(4): 413-435.
- Padayachee, N. 2002. Primary school sets cops on bullies. *Sunday Times* 12 August 2002: 5.
- Rosssouw, J.P. 2003. Learner discipline in South African public schools – a qualitative study. *KOERS* 68(4): 413-435.
- RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1996. *Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.
- SAS. 1996. The SAS system for Windows Release 6.12. Cary: Institute Inc.
- Van der Walt, M.S. 8 Junie 2007. Onderhoud gevoer te Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.
- Van Staden, J.G. 2003. Dissipline: oortredings en optrede in skole (referaat gelewer by die jaarlikse kongres van OVSA, Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika, Universiteit van Stellenbosch, Januarie 2003).
- Van Wyk, N. 2001. Perceptions and practices of discipline in black schools in South Africa. *South African Journal of Education* 21(3): 195-201.
- Volksblad. 2006. Bring die kweperlat terug. *Volksblad*. 24 Januarie 2006: 1.
- Wolhuter, C.C. & Oosthuizen, I.J. 2003. 'n Leerderperspektief op dissipline: 'n kwalitatiewe ontleding. *KOERS* 68(4): 437-456.
- Wolhuter, C.C. & Steyn, S.C. 2003. Learner discipline at school: a comparative educational perspective. *KOERS* 68(4): 521-538.